

DISSIPELSKAP. LES 48

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYD] PREDIKER 5, 6, 7 en 8
---	------------------	--------------------------------------

Maak beurte en deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Prediker 5, 6, 7 en 8). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (20 minute)	[DISSIPELSKAP] DIE HERHALING VAN SERIE D
---	--------------------------	---

A. 'N METODE VIR DIE HERHALING VAN GEMEMORISEERDE BYBELVERSE

Die hersiening van vroeër gememoriseerde verse word só gedoen:

1. Mondelinge herhaling van die nuwe Bybelverse in jou memoriseringshouer.

“Herhaling/repetering van die nuwe Bybelverse” beteken dat jy die laaste 5 Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het minstens eenmaal per dag herhaal. Die herhaling van nuut geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle te onthou en noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom die laaste 5 memoriseringsverse uit jou memoriseringshouer minstens eenmaal per dag vir 'n tydperk van 5 weke. Dus, herhaal/repeteer jy elke nuut geleerde Bybelvers 35 maal voordat jy die Bybelvers van jou memoriseringshouer af oorplaas na jou memoriseringslêer.

2. Mondelinge herhaling van die ou Bybelverse in jou memoriseringslêer

“Herhaling/repetisie van die ou Bybelverse” beteken dat jy al jou ou Bybelverse in jou memoriseringslêer minstens elke 3 weke herhaal. Die herhaling/repetering van vroeër geleerde Bybelverse is die beste metode om hulle nie te vergeet nie en steeds noukeurig aan te haal. Herhaal/repeteer daarom 5 uit elke 100 ou memoriseringsverse uit jou memoriseringslêer minstens eenmaal per dag. Dus, herhaal jy al jou voorheen gememoriseerde Bybelverse een keer elke drie weke.

3. Hou jou memoriseringshouer byderhand.

Plaas elke dag jou laaste 5 nuut gememoriseerde Bybelverse en 5 uit elke 100 vroeëre gememoriseerde Bybelverse in jou memoriseringshouer en hou dit die hele dag byderhand. Gebruik los tye wat jy moet wag of iewers heen moet ry as geleenthede om hulle te herhaal, daarvoor na te dink en daarvoor te bid.

4. Kontroleer akkuraatheid.

Kontroleer jouself gereeld om vas te stel of jy die geleerde Bybelverse wel goed geleer het en nog korrek kan aanhaal. Kontroleer mekaar se 5 laaste geleerde Bybelverse twee-twee gedurende elke byeenkoms van die groep. Kontroleer of die ander persoon die onderwerp, die teksverwysing, die Bybelvers en die teksverwysing nog sonder 'n fout kan herhaal. Gee as wenk “die onderwerp”, of “die teksverwysing” of “die eerste reël van die Bybelvers”.

B. HERHAAL/REPETEER_TWEE - TWEE SERIE D: “DISSIPELSKAP”

(1) Heerskappy. Romeine 12:1-2. En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die weselike van die godsdienst wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

(2) Selfverloning. Lukas 9:23. As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou.

(3) Dien Markus 10:45. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.

(4) Gee. 2 Korintiërs 9:6-7. Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

(5) Maak dissipels. Matteus 28:28-20. Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) [LEWE IN DIE WÊRELD] LEIERSKAP IN DIE WÊRELD DEURGEE. HANDELINGE 20:17-38
---	--

Gebruik die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Handeling 20:17-38.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
<i>Lees.</i> Ons gaan Handeling 20:17-38 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
<i>Oorweeg.</i> WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? <i>Skryf neer.</i> Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.	

Ontdekking 1. Daar kom altyd geleentheid om die leierskap deur te gee.

Daar kom altyd 'n tyd dat nuwe christenleiers gekies en aangestel moet word om die plek in te neem van ou leiers wat weer 'n ander taak kry. Die apostel Paulus het die gemeente in Efese gestig (Handeling 19) en het die gemeente oor 'n periode van twee jaar opgebou (Handeling 19:10). Paulus het gedink dat hy spoedig as gevolg van die vervolging van die Jode sou sterwe (Handeling 20:3,19,22-23; Handeling 21:10-13) en dat die besoek aan Efese sy laaste sou wees (Handeling 20:25,38). Handeling 20 leer 'n aantal belangrike beginsels m.b.t. die vereistes vir nuwe christenleiers. Wanneer 'n gemeente potensieël nuwe leiers soek, sou hulle na die kenmerke van 'n christenleier in Handeling 20 moet kyk.

Ontdekking 2. Die ou leiers behoort 'n voorbeeld vir die jong leiers te wees.

Nuwe leiers mag nie sommer gekies en aangestel word nie! Hulle moet biddend geselekteer word en indien nodig opgelei word alvorens hulle aangestel word. Jesus het ongeveer twee-en-'n-half tot drie jaar geneem om sy gekose dissipels op te lei voordat Hy hulle uitgestuur het om sy bediening op die aarde voort te sit. Een van die belangrikste waarhede is dat die ouer leiers die jonger leiers behoort op te lei deur vir hulle 'n voorbeeld te stel, deur hulle godvresende karakter en deur hulle bekwame leierskap (vergelyk Dawid as leier in Psalm 78:72).

STAP 3. VRAAG.	UITLEG
<i>Oorweeg.</i> WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL? Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Handeling 20:17-38 begryp en vrae te stel oor wat ons nog nie begryp nie. <i>Skryf neer.</i> Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek neer. <i>Deel.</i> Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om hulle vraag voor te lees. <i>Bespreek.</i> Bespreek so veel as moontlik van hierdie vrae met mekaar. Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.	

20:17

Vraag 1. Wat moet die vereiste kwalifikasies van ouderlinge wees?

Aantekeninge. Die Heilige Gees het bepaalde manne aangestel om die ouderlinge van die gemeente te wordstelt bepaalde mannen aan om de oudsten van de gemeente te worden.

Die vereistes is die volgende:

- Die kandidate moet weergebore manne wees. Wedergeboorte is altyd die werk van die Heilige Gees (Johannes 3:3-8).
- Die kandidate mag nie jong bekeerlinge wees nie, maar dissipels van Christus, dit wil sê volwasse en funksionerende Christene (1 Timoteus 3:6).

- Die manne wat al aktief in die gemeente besig is en bewys dat God besig is om seur hulle te werk, is die beste kandidate vir ouderlinge (Lukas 16:10; 2 Korintiërs 10:18; Handeling 6:3,5).
- Die gemeentelide wat die ouderlinge voordra, moet ook weergebore Christene wees (Handeling 1:21-22; Handeling 6:3).
- Nie-Christene mag nie deelneem aan die verkiesing en aanstelling van ouderlinge nie.

Die apostels het briewe geskryf waarin hulle die vereiste kwalifikasies vir ouderlinge duidelik stel. 'n Ouderling mag nooit gekies word op grond van sy posisie, mag, invloed of rykdom in die samelewing nie. Hy moet gekies word op grond van sy persoonlike lewe, sy gesinslewe en sy bekwaamhede in die bediening vir Jesus Christus.

(1) Vereiste kwalifikasies m.b.t. sy persoonlike lewe en gedrag.

Hy moet onberispelik wees, nugter, kalm, gematig, gasvry, vredeliewend, vriendelik, en buite die gemeente 'n goeie reputasie hê. Hy moenie geldgierig, aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie (1 Timoteüs 3:1-7). Hy mag nie eiesinnig optrede, nie gewelddadig wees nie, nie hebsugtig wees nie, maar wel goedhartig, regverdig, toegewyd en beheersd (Titus 1:5-9). Hy moet 'n voorbeeld stel met sy gedrag en in sy geloof (Hebreërs 13:7). Hy moet gewillig wees om leiding te gee, nie mense wil oorheers wat aan sy sorg toevertrou is nie, 'n voorbeeld wees vir die kudde en nederig wees. Samevattend moet hy selfbeheersd in temperament wees, betroubaar met geld, bereid wees om te dien in verhoudings en 'n voorbeeld wees wat andere positief beïnvloed (1 Petrus 5:1-5).

(2) Vereiste kwalifikasies m.b.t. sy gesinslewe.

Dis nie 'n vereiste dat hy getroud moet wees nie, maar hy mag geen flirt of rokjagter wees nie. As hy getroud is, moet hy voorbeeld van trou aan sy vrou wees. As hy ongetroud is, moet hy 'n rein en skoon lewe lei. As hy kinders het, moet hy hulle lei op die pad van die christelike geloof en gehoorsaamheid aan God en hulle leer om hulle ouers te eer.

(3) Vereiste kwalifikasies m.b.t. bekwaamheid in die bediening.

Hy moet 'n volwasse Christen (discipel) wees. Hy moet vashou aan die leer en lewe van die Bybel en die Bybel goed gebruik in sy bediening.

20:18-19

Vraag 2. Wat is die kenmerke van Paulus se leierskap?

Aantekeninge.

(1) 'n Christenleier het 'n hart vir verlore mense en 'n visie om hulle op allerhande plekke te wen.

Paulus was nie net 'n christenleier of voorganger van 'n gemeente nie, maar 'n apostel van Jesus Christus (een wat deur Jesus Christus uitgestuur is), wat Christus gebruik het om die fondament vir die wêreldwye Kerk te lê. Die apostel Petrus was die eerste om 'n gemeente onder die Jode te stig (Handeling 2), onder die half-Jode (Samaritane) (Handeling 8) en onder die nie-Jode (heidene) (Handeling 10). Let op die woorde van Jesus aan Petrus in Matteus 16:18-19.

Maar die apostel Paulus het gemeentes uitgebrei oor die hele westelike Romeinse Ryk en het gemeentes gestig in Turkye en Sirië (Handeling 9:30; Galasiërs 1:21-23; Handeling 13-14), Siprus (Handeling 13), Masedonië (Handeling 16), Griekeland (Handeling 17-19), Ilirikum (Albanië)(Romeine 15:19), Kreta (Titus 1), Italië (Romeine 15:23; Handeling 19:21) en waarskynlik Spanje (Romeine 15:24,28).

(2) 'n Christenleier is 'n voorbeeld deur sy lewe en diens.

Die gedrag en die dae van 'n Christen praat baie harder as sy preke en onderrig. Jesus het geleer dat 'n Christen 'n lig in die duisternis moes wees; sout wat smaak in die gemeenskap gee en 'n dienaar vir die mense wat hy lei (Matteus 5:14-16; Matteus 20:25-28).

20:20-27

Vraag 3. Wat is die leierskapstake van die apostel Paulus?

Aantekeninge.

(1) 'n Christenleier verkondig die hele wil of plan van God in die Bybel (Handeling 20:27).

Die minste wat elke Christen behoort te weet, is de hele wil of raadsplan van God. 'n Gelowige behoort nie net die evangelie of 'n paar onderwerpe uit die Bybel te hoor nie, maar behoort al die belangrike onderdele van God se Woord te ken. Die boodskap van die Bybel is 'n eenheid.

Die Ou Testament.

'n Christenleier behoort die belangrikste onderwerpe uit die Ou Testament aan gelowiges te onderrig: die skepping, die sondeval, die verlossing van gelowiges, die Messiaanse lyn wat deur die hele Ou Testament loop, die genadeverbond van God, geloof in God se woorde en beloftes, vergewing, wet God se woorde en beloftes, vergewing, wet (die verskil tussen morele wette, seremoniële wette en burgerlike wette) en genade, die historiese boeke, die heerskappy van God in die teokrasie, die poëtiese (digterlike) boeke, die profetiese boeke, Israel en die koninkryke in die wêreld volgens die boek Daniël.

Die Nuwe Testament.

'n Christenleier behoort die belangrikste onderwerpe uit die Nuwe Testament aan gelowiges te onderrig: die lewe van Christus, die dood van Christus, die opstanding van Christus, die heerskappy van Christus, die Koninkryk van God, die wêreldwye Gemeente (Kerk) en plaaslike gemeentes, groei as Christen, dissipels maak, arbeiders oplei, leiers toerus, christelike verhoudings tussen manne en vroue, die geestelike stryd, die Persoon en werk van die Heilige Gees, die verskeidenheid van genadegawes (geestesgawes) en take in die gemeente, en die wederkoms van Christus.

Die praktiese lewe as Christen.

'n Christenleier behoort nie net gelowiges te leer om dinge te weet en te glo nie, maar ook om dinge te doen en te wees. Hy moet Christene leer om praktiese toepassings van God se Woord te maak en 'n christelike karakter te ontwikkel.

(2) 'n Christenleier verkondig dit wat vir die welsyn van Christene goed is (Handelinge 20:20).

Al die dinge wat elke Christen behoort te weet, is die dinge wat vir Christene van hulp is en hulle opbou. Christene sou nie hoef te luister na menslike filosofieë, politieke programme, die haatsaaiery teen ander groeperinge nie, valse leringe van valse profete en valse leraars, of persoonlike menings oor geestelike sake nie. Christenleiers en leraars moet hulle goed voorberei en die Christene onderrig in alles wat hulle waarlik opbou en hulle goed doen (Efesiërs 4:29).

(3) 'n Christenleier gee onderrig in die openbaar en van huis tot huis (Handelinge 20:20).

'n Ouderling moet bekwaam wees om onderrig uit die Bybel te gee (1 Timoteus 3:2). Soms doen hulle dit in die byeenkomste van die gemeente (1 Timoteus 5:17) en soms in klein groepe in die huise van mense (Handelinge 5:42; Handelinge 17:1-4).

(4) 'n Christenleier roep mense sonder onderskeid op om hulle te bekeer en te glo (Handelinge 20:21).

Christenleiers behoort niet net maar onderrig (lesings) te gee nie, maar ook mense aan te spoor om op die boodskap van die Bybel te reageer. Hulle nooi nie-Christene uit om hulle te bekeer en in die lewende God van die Bybel te glo. Dit hou in dat mense gaan erken dat hulle sondaars is en 'n Verlosser nodig het. Jesus Christus is in hulle plek vir hulle sonde aan die kruis gesterf en is uit die dood opgewek sodat hulle 'n nuwe lewe kan leef.

(5) 'n Christenleier is bereid om gevangenskap en vervolging te ondergaan (Handelinge 20:22-23).

Hierdie deel is nie maklik vir 'n Christenleier nie. Maar om te ly vir Christus het ook 'n groot beloning. Die Here Jesus Christus, die regverdige Regter oor alle gebeure in die geskiedenis, sal hulle beloon met die oorwinnaarskroon (2 Timoteus 4:8) en hulle sal in die heerlijkheid van die Here Jesus Christus deel. "Die heerlijkheid" is 'n verwysing na die nuwe hemel en die nuwe aarde waar daar geregtigheid sal seëvier en regverdige mense sal lewe! Die ou Paradys was net 'n mooi tuin waarin mense nog kon sondig en sterwe en inderdaad gesondig en gesterf het (Genesis 2:15-17; Genesis 3:6)! Maar die nuwe aarde is oneindig meer as die ou Paradys! Dit sal die hele nuwe aarde omvat (Openbaring 21:1-2), alleen mense wat in Jesus Christus glo sal daar lewe (Openbaring 8:27) en mense kan nooit meer daar sondig of sterf nie (Openbaring 21:4-5; vergelyk ook Johannes 11:25-26)!

(6) 'n Christenleier is een wat dinge voltooi (Handelinge 20:24).

Ware Christenleiers gee nooit op nie. Hulle volhard totdat hulle hul Godgegewe taak voltooi het (Kolossense 4:17). Hulle hardloop die wedloop wat voor hulle lê met die oog gefokus op Jesus, die grondlegger en voltooiër van hulle geloof (Hebreeërs 12:1-2).

20:28-31

Vraag 4. Wat is die taakoms krywing van 'n ouderling van 'n gemeente?

Aantekeninge. Moderne Christenleiers as pouse, aartsbiskoppe, biskoppe, en selfs dominees (priesters, voorgangers, pastors) is aanstelling deur menslike organisasies NA die afsluiting van die Nuwe-Testamentiese Kanon. Hul aanstelling en vermeende gesag het geen Bybelse grond nie. Die enige leiers wat deur die apostels van Jesus Christus aangestel is, is "die oudstes/ouderlinge" en 'n gemeente behoort deur 'n "raad van ouderlinge" gelei te word (2 Timoteüs 4:14), wat bestaan uit meer as een ouderling en ook nie net uit één voorganger (priester of dominee) nie.

Die ouderlinge het die volgende take:

(1) Herders.

Die ouderlinge behoort die herders (pastors) van die gelowiges en die opsieners van die aktiwiteite en besittings van die gemeente te wees. As herders moet hulle die skape voed, lei deur hulle voorbeeld en beskerm.

(2) Opsieners.

Die ouderlinge behoort oor mekaar toesig te hou. Hulle is nie net verantwoordelik vir die morele en geestelike welsyn van die gemeentede nie, maar ook vir die morele en geestelike welsyn van die ander ouderlinge! Daarom moet daar ook altyd meer as één ouderling in die gemeente wees! Elke ouderling is verantwoordelik vir sy eie lewe en bediening en verantwoording verskuldig teenoor die ander ouderlinge (Handelinge 20:28).

(3) Beskermers.

Die ouderlinge behoort die gemeentede te beskerm teen vals profete en vals leraars wat probeer om die gemeente te verstuur.

(4) Waarskuwers.

Die ouderlinge behoort ook die gemeentede te waarsku teen gevare.

20:32-35

Vraag 5. Hoe sou christenleiers ondersteun moet word?

Aantekeninge.

(1) Die gemeente vertrou dat God vir sy gemeente sorg (Handelinge 20:32).

Toe Paulus die gemeente wat hy versorg het, verlaat het, het hy hulle nie in die steek gelaat nie. Hy het die gemeente toevertrou aan die sorg en onverdiende genade van God wat net so goed vir die gemeente sou sorg as toe Paulus daar was. Hy het hulle toevertrou aan die Woord van God (die woorde in die Bybel) wat hulle sou opbou en die beloofde erfdeel sou skenk. Van nou af moet die gemeente in Efese op haar eie bene staan en nie langer afhanklik bly van die apostel (m.a.w.: 'n sendeling of 'n moedergemeente) nie. Die gemeente het 'n Lewende God Wat hulle nooit sou alleen los of verlaat nie (Hebreërs 13:5-6; Matteus 28:20)! Die gemeente het die Gees van Christus in hulle midde (Efesiërs 2:21-22), die woorde van God in die Bybel en 'n raad van ouderlinge wat hulle sou lei.

(2) Die reg van 'n christenleier om ondersteuning te ontvang.

Hoewel die apostel Paulus selde steun van ander Christene of gemeentes ontvang het (1 Korintiërs 9:6; Filippense 4:15-19), het hy die gemeente geleer dat ouderlinge wat hulle werk goed doen, waardig is om dubbele erkenning te ontvang, d.w.s. respek en finansiële ondersteuning (1 Timoteus 5:17-18). Die Here Jesus Christus het beveel dat hulle wat die evangelie verkondig, ook mag lewe van die evangelie (1 Korintiërs 9:7-14; Galasiërs 6:6). Hoewel 'n christenleier die reg het om finansiële steun te ontvang, mag 'n christenleier nie eis dat die gemeente hom moet ondersteun nie!

(3) Die vryheid van 'n christenleier om te dien sonder om ondersteuning te ontvang (Handelinge 20:33-34).

Die apostel Paulus het die gemeente gedien sonder om enige finansiële ondersteuning te ontvang of te vra. Dit was sy eer om met sy eie hande te werk, vir sy eie inkomste te sorg en selfs vir sy medewerkers in sy span te sorg. Waarskynlik het Paulus hierdie pad gekies, omdat daar ook valse apostels was wat hulle dienste vir geld verkoop het (2 Korintiërs 11:1-15; 1 Timoteus 6:5). Hy wou die feit benadruk dat alles wat hy besit, hy *gratis* van Christus ontvang het (1 Korintiërs 4:7) en wat hy gee, gee hy *verniet* (Matteüs 10:8). Hy wou glad nie 'n 'n las vir enige gemeente wees nie (2 Korintiërs 11:9).

(4) Die verantwoordelikheid van 'n christenleier om met die armes te deel (Handelinge 20:35).

Ongeag of 'n christenleier self geld verdien of geld as ondersteuning ontvang, hy het die verantwoordelikheid om met behoeftige Christene te deel (Jakobus 2:14-17; 1 Johannes 3:16-18). Die christenleiers moet hierin 'n voorbeeld wees vir andere! Die Here Jesus Christus het immers gesê, “Om te gee maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang” (Handelinge 20:35)!

20:36-38

Vraag 6. Watter verhouding het tussen Paulus en die gemeente van Efese bestaan?

Aantekeninge.

(1) Die sigbare band van gebed het hulle saamgebind.

Voordat Paulus hulle verlaat het, het hy saam met hulle gekniel en gebid.

(2) Die sigbare band van liefde het hulle saamgebind.

Hulle het gehuil van verdriet, mekaar omhels en gesoen.

Dis 'n baie goeie manier om die leierskap van die gemeente op ander oor te dra!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lys van moontlike toepassings uit Handelinge 20:17-38.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing gemaak het, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om die persoonlike toepassing met andere te deel of nie? (Let wel: Hoewel dit een waarheid bly, is daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Handelinge 20:17-38.

20:17. Kom as raad van ouderlinge minstens eenmaal per maand bymekaar om met mekaar te deel wat julle ervaar het, saam te bid, die ouderlinge toe te rus en sake van die gemeente te bespreek.

20:18. 'n Christenleier doen self wat hy aan 'n ander voorhou (Matteus 23:3).

20:19. 'n Christenleier is altyd nederig (Filippense 2:3-8).

20:20. Moenie preek oor onderwerpe wat andere nie opbou nie.

20:21. Sluit jou verkondiging af deur die toehoorders uit te nooi om op God se woorde te reageer.

- 20:23. Aanvaar die feit dat 'n christenleier vervolging, verdrukking en gevangenskap kan verwag.
- 20:24. Voltooi die wedloop en vervul die taak wat jy van die Here Jesus Christus ontvang het (vergelyk Johannes 4:34 en Johannes 17:4; 1 Korintiërs 7:24-27; Kolossense 4:17; 2 Timoteus 4:7; Hebreërs 12:1-3).
- 20:25. Moet nooit vergeet dat "die evangelie van genade" (Handelinge 20:24) dieselfde is as "die evangelie van die Koninkryk" nie (Handelinge 20:25; Handelinge 8:12; Handelinge 28:23,31).
- 20:27. Neem jou voor om die hele wil of plan van God aan mense te verkondig.
- 20:28. Die taakoms krywing van 'n ouderling is om toesig te hou oor die ander ouderlinge, 'n herder vir die gemeentelede te wees en 'n opsiner van die aktiwiteite en besittings van die kerk te wees.
- 20:29-31. Beskerm die kudde van die Here Jesus Christus teen wolwe (valse leraars).
- 20:31. Waarsku die gemeente teen valse leraars.
- 20:32. As leierskap aan andere oorgedra word, vertrou dan die nuwe leiers aan God, sy genade en sy Woord toe.
- 20:33-34. Indien nodig, werk vir jou eie inkomste en indien moontlik, dra by om die behoeftes van jou spanlede tegemoet te kom.
- 20:35. Moet nooit vergeet dat om te gee gelukkiger maak as om te ontvang nie.
- 20:36. Bid op jou knieë is soms 'n goeie ervaring.
- 20:37. Bewys jou geneetheid en liefde vir broers en susters op 'n kultureel aanvaarbare wyse.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Handelinge 20:17-38.

Ek wil my verkondiging van God se Woord tussen twee uiterstes hou: enersyds die hele wil of plan van God verkondig (die minimum) en andersyds my verkondiging beperk tot wat die toehoorders opbou en help (die maksimum).

Ek wil self doen wat ek vir andere voorhou. My lewe en dade moet steeds 'n voorbeeld vir ander wees (1 Timoteus 4:12-16). Ek besef dat ek altyd invloed het, selfs al is ek nie altyd bewustelik daarmee besig nie. Ek het 'n negatiewe invloed as ek die verkeerde voorbeeld of geen voorbeeld stel nie. Of ek het 'n positiewe invloed wanneer ek iets doen wat mense help om nader aan Jesus Christus te kom. Ek wil iemand wees wat 'n verandering by ander teweegbring. Ek wil 'n dissipelmaker wees!

STAP 5. BID. **REAKSIE**
MAAK BEURTE EN BID OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Handelinge 20:17-38.
 (Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee inne te bid. Elkeen in die groep sal verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

As *daar tyd is, gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die Bybelstudie van Handelinge 20:17-38 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Markus 1:1 – 4:20. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode.
3. Memorisering. Repeteer die vyf Bybelverse uit reeks D: "Dissipels maak". Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.

GAAN VOORT MET GROEI

1. Stiltetyd.

Gaan voort met die beoefening van omgang met God deur middel van die hou van persoonlike stiltetyd. Maak gebruik van die gekose waarheid of gunsteling Bybelvers-metode vir stiltetyd (vergelyk handleiding 1, aanvulling 1). Jy kan ook 'n goeie Bybelleesrooster (vergelyk handleiding 1, supplement 2) en 'n goeie Bybelmerksisteem vind (vergelyk handleiding 1, supplement 3). Bly notas maak van jou stiltetyd.

2. Memorisering.

Gaan voort om belangrike Bybelverse uit die kop te leer. Kies mooi Bybelverse wanneer jy die Bybel lees of bestudeer. Gaan ook voort om daaglik die laaste 5 gememoriseerde Bybelverse te herhaal (vergeelyk handleiding 1, supplement 5).

3. Bybelstudie.

Gaan voort met Bybelstudie doen. Kies 'n Bybelboek en gebruik die vyf stappe metode om 'n paragraaf of 'n hoofstuk uit 'n Bybelboek te bestudeer. Dis verstandig om eers die belangrikste boeke in die Nuwe Testament te bestudeer, omdat die Ou-Testamentiese openbaring uitgelê moet word in die lig van die Nuwe-Testamentiese openbaring.

4. Gebed.

Gaan voort om elke week te bid vir iemand of iets en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).

5. Christelike byeenkomste.

Gaan voort om ander Christene te ontmoet in 'n gemeente (of huisgemeente).

6. Vrug dra.

Gaan voort om baie en blywende vrug te dra (Johannes 15:5,8,16). Getuig van Jesus Christus (vergeelyk Matteus 10:32; 1 Petrus 3:15-16). Maak die evangelie op verskillende maniere bekend. Neem jou voor om mense in jou omgewing te beïnvloed dat hulle nader aan Jesus Christus kan kom.

7. Dissipelskap.

Gaan voort om Jesus Christus te volg, leer van Hom en gehoorsaam sy woorde (Matteus 7:24-27).

BEGIN NUWE GROEPE

As jy die opleiding van een groep gelowiges voltooi het, kan jy twee dinge doen:

1. Laat mense wat die Dota kursus by jou gevolg het self 'n Dota-groep begin.

Daag die lede van jou dissipelgroep uit om hulle eie dissipelskap groep te begin met ander mense wat geestelik wil groei. Die Dota kursus kan per jaar aangebied word, maar ook as individuele hoofstukke. Vra deelnemers weer elke jaar om hulle opnuut te verbind en daaraan toewy om aan die kursus deel te neem.

Gaan op 'n gereelde basis voort met die toerusting van nuwe dissipelgroepleiers.

2. Begin self 'n nuwe Dota groep.

Selekteer biddend 'n nuwe groep gelowiges wat jy wil oplei in dissipelskap. Maak gebruik van die hele Dota kursus of 'n deel van de kursus. Die hele Dota kursus bestaan uit drie dele van vier handleidings elk:

GAAN EN MAAK DISSIPELS.	48 lesse in dissipelskap handleidings 1 tot 4.
GAAN EN BOU DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS.	48 lesse in gemeente handleidings 5 tot 8.
GAAN EN VERKONDIG GOD SE KONINKRYK.	48 lesse in koninkryk handleidings 9 tot 12.
